SOUTHERN AFRICAN POULTRY ASSOCIATION
SUIDER-AFRIKAANSE PLUIMVEEVERENIGING
Founded 1904 / Gestig 1904

VERSLAG VAN DIE BRAAIKUIKENORGANISASIE VOORSITTERSVERSLAG 2010

VOORGELÊ DEUR MIKE DAVIS

BY DIE 105DE SAPV KONGRES
GEHOU OP DINSDAG, 31 MEI 2011
TE EMPERORS PALACE, GAUTENG

LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van die Braaikuikenorganisasie staan tans op 37 produsente. Gegrond op SAPV-statistiek dui dit daarop dat 71% van alle braaikuikenprodusente SAPV-lede is. 'n Ernstige poging moet aangewend word om meer lede aan te moedig om by ons organisasie aan te sluit. Die Braaikuikenorganisasie-komitee het 'n lidmaatskapkategorie vir kontrakprodusente goedgekeur, en dié produsente word aangemoedig om lede van die organisasie te word.

KOMITEE

Die komitee se ampstermyn is drie jaar en komiteelede dien vir drie (3) jaar. Die huidige komitee se ampstermyn verstryk in 2011. Lede is vanjaar weer gekoöpteer om die komitee so verteenwoordigend moontlik te maak.

Die Braaikuikenkomitee bestaan tans uit die volgende lede:

Theo Delport (ondervoorsitter)
Paul Apostolides
Steve Steenkamp
Bonga Mavume
Jacques van Niekerk
Dr Louis Theron (gekoöpteer)
Deon Fourie (gekoöpteer)
Mike Davis (gekoöpteer).

Izaak Breitenbach het in Februarie 2011 bedank.

OORSIG VAN DIE BEDRYF

Die buitengewone hoë en stygende vraag wat 2006 tot 2008 gekenmerk het, het nie in 2009 en 2010 voortgeduur nie, met die SAPV se raming van 'n styging van 4% in gesamentlike braaikuikenproduksie van 2009 na 2010. Verdere uitbreiding in die Suid-Afrikaanse pluimveemark het gedurende die jaar plaasgevind namate produsente hulle voorberei op toekomstige vraag en om op kapasiteitsbesparing te kapitaliseer, met die voordeel wat volume vir beperkte realisering meebring.

Hoender bly 'n hoogs bekostigbare bron van proteïen vergeleke met ander vleisproteïenbronne.

Die gemiddelde produsenteprys in 2010 vir beesvleis (abattoir-verkoopsprys) vir klas A2/A3 was R24,02 per kg, terwyl beesvleis (abattoirverkoopsprys) vir Klas C2/C3 R19,83 per kg was. Die gemiddelde prys in 2010 vir varkvleis, alle klasse, was R14,82 per kg. Vergeleke met die ander vleissoorte, was die braaikuikenprodusenteprys-realisering (minus alle afslag, kortings en sekondêre verspreiding) in 2010 altesaam R12,28 per kg.



Die pluimveebedryf (insluitend vleis en eiers) oorheers steeds die Suid-Afrikaanse landbousektor en is die hoofverskaffer in terme van kilogram en van proteïen, aangesien meer pluimveeprodukte jaarliks verbruik word as alle ander diereproteïenbronne tesame. Wat verbruik betref, is beesvleis tweede. Hoendervleis toon die afgelope vyf dekades ‘n opwaartse neiging in verbruik.

Die jaarlikse per kapita-verbruik van pluimveevleis in 2010 was 32,96 kg vergeleke met 17,65 kg bees-, 4,58 kg vark- en 3,16 kg skaap- en bokvleisverbruik gesamentlik per jaar. Eierverbruik in 2010 was 8,48 kg per persoon per jaar.



VOLUME EN GROEI

BRAAIKUIKENTELERPLASINGS

Dagoud-jonghenouers geplaas

'n Bestendige groei in dagoud braaikuiken-ouerplasings is die afgelope vyf jaar volgehou. Die groeikoers in ouerplasings het egter in 2010 verstadig en die onlangse neiging dui daarop dat dat dit in 2011 sal afplat.

Algehele dagoud-jonghenouerplasing in 2010 was altesaam 9,154 miljoen jonghenne. Gemiddeld 176 000 jonghenne is weekliks in 2010 geplaas. Die gemiddelde weeklikse plasing in 2010 was 4 700 meer (+2,8%) as die plasing in die ooreenstemmende tyd in 2009.



Braaikuikenteeltrop

Die geprojekteerde braaikuikenteeltrop vir Desember 2010 van 6,488 miljoen henne was 168 202 (+2,7%) meer as die Desember 2009-trop.

Daar was gemiddeld 6,477 miljoen teelbraaikuikens in 2010 in produksie. Dit verteenwoordig 'n teeltropgroei van 245 000 (+3,9%) van die vorige jaar af.

Die geprojekteerde teeltrop vir April 2011 is 6,578 miljoen henne. Dit sal 8 114 meer (+0,12%) wees as die April 2010-teeltrop.



Braaikuiken-kuikenplasings

Altesaam 1,032 miljard dagoudkuikens is in 2010 geplaas; 47 miljoen meer (+4,8%) kuikens is in 2010 geproduseer as in 2009.



Die voorspelling is dat gemiddeld 19,966 miljoen braaikuiken-jonghenne per week in Junie 2011 geplaas sal word. Dit sal 89 533 kuikens minder (-0,45%) wees as die gemiddelde weeklikse plasing in Junie 2010.

BRAAIKUIKENPRODUKSIE

Bedryfsgroei

Die geprojekteerde weeklikse braaikuikenproduksie vir die laaste kwartaal van 2010 is 18,903 miljoen braaikuikens. Hierdie getal sal 1,297 miljoen (+7,4%) meer wees as die produksie in die ooreenstemmende kwartaal van 2009.

Gemiddelde weeklikse braaikuikenproduksie in 2010 van 18,579 miljoen, was 716 000 meer (+4,0%) as die 2009-gemiddelde.Braaikuikenproduksie in 2010 was 968,8 miljoen geslag.

'n Gemiddelde weeklikse produksie van 18,630 miljoen braaikuikens vir die eerste ses maande tot Junie 2011 word voorspel. Dit sal 472 000 (+2,0%) meer wees as die ooreenstemmende produksie in 2010.

'n Effense afswaai in braaikuikenproduksie word vir die eerste kwartaal van 2011 voorspel. 'n Opswaai in produksie in die tweede kwartaal van 2011 kan egter verwag word.

Voorspellings dui daarop dat weeklikse braaikuikenproduksie in Julie 2011, 18,861 miljoen sal wees. Vergeleke met Julie 2010 verteenwoordig dit 'n styging van 27 164 (+0,14%) braaikuikens per week.



VOORUITSIGTE VIR 2011

Dagoudouerplasing het van 2005 tot 2009 teen ’n koers van meer as 5 persent gestyg. Die groeikoers van dagoudouerplasing het van 2009 tot 2010 afgeneem na sowat 2 persent per jaar. Onlangse neigings toon dat die jonghenouerplasings teen die eerste helfte van 2011 sal afplat.

Plasing van altesaam 9,244 miljoen dagoudouerjonghenne word vir 2011 geprojekteer. Dit sal ’n effense afname van 17 000 jonghenne (-0,2%) wees vergeleke met die algehele 2010-plasing.

’n Potensiële getal van 1,035 miljard braaikuiken-kuikens sal in 2011 geproduseer word. Dit sal 3,896 miljoen meer (+0,4%) wees as die algehele getal braaikuiken-kuikens in 2010 geproduseer.

’n Styging van 9,450 miljoen (+1,0%) na ’n gesamentlike getal van 978,246 miljoen braaikuikens geslag, word vir 2011 voorspel. Gemiddeld 18,760 miljoen braaikuikens sal weekliks geproduseer word.

PER KAPITA-VERBRUIK

Jaarlikse per kapita-verbruik van pluimveevleis was 32,96 kg, met braaikuikenvleis as die belangrikste bydraer in 2010 teen 32,0 kg per persoon per jaar (insluitend uitslagting). Verbruik van braaikuikenvleis is deur ’n styging in invoer begroet (+15%) en bedryfsgroei van +4%. Na verwagting sal produsenteuitbreiding aan ’n verhoging in die vraag voldoen.

Die styging in hoendervleisverbruik die afgelope paar jaar is gedeeltelik toe te skryf aan die braaikuikenbedryf se reaksie op die verbruikers- en voedseldiensoperateurs-vraag na waardetoegevoegde, handelsnaam- en geriefsprodukte en nie net van die kommoditeitsvolumeprodukte nie. Hoenderprodusente is in 'n bedryf wat in aanvraag is. Mense wil hoendervleis hê en sal voortgaan om dit te verbruik, en die per kapita-verbruik toon dat daar steeds geleentheid vir geweldige styging in die vraag na hoenderprodukte is. Ter vergelyking: Die per kapita-verbruik in Brasilië en die VSA is meer as 40 kg. Invoer maak 'n groot persentasie van verbruik uit, dus is daar 'n aanduiding dat ons gemaklik met 50% in volume kan groei.

INTERNASIONALE MARK

“BRAAIKUIKENVLEIS: OORSIG VAN 2011 VOORSPELLING

“PRODUKSIE

“’n Styging van 2 persent na ’n rekordhoeveelheid van 76.2 miljoen ton word voorspel, en dit word ondersteun deur rekordvlakke in alle top produserende lande. Sterk plaaslike vraag en, in ’n minder mate, stygende uitvoer, asook die afwesigheid van groot siekteuitbrake sal produksiegroei in baie lande aanvuur. Namate 2011 vorder, mag stygende graanpryse egter negatief op produksie inwerk.

*"Produksie deur die **Verenigde State** as die wêreldleier in braaikuikenproduksie word voorspel teen minder as 2 persent hoër op 16.6 miljoen ton, hoewel hoë graanpryse dié groeikoers mag temper. Sterker binnelandse vraag en die herstel van buitelandse vraag sal uitbreiding steun. Die VS se per kapita-verbruik herstel steeds terwyl dit bou op die herstel wat in 2010 begin het met 'n skaarste in rooivleisverskaffing, veral beesvleis; na verwagting sal verbruikers na laerprys-vleisprodukte soos veelsydige braaikuikenvleis oorskakel.*



*"**China** se produksie sal na verwagting met byna 4 persent styg na 13 miljoen ton, aangesien 'n sterk vraag en hoë pryse uitbreiding aanmoedig. Dié uitbreiding mag egter aan bande gelê word deur hoë voerkoste, veral mielies, wat sowat 60 persent van braaikuikenvoer uitmaak. Minder uitbrake van hoogs patogene voëlgriep, meer gestandaardiseerde ondernemings en veranderende struktuur sal produktiwiteit verhoog.*

"Groei duur voort teen 'n stadiger koers

*"'n Styging in **Brasiliaanse** produksie as gevolg van sterk plaaslike en buitelandse vraag word voorspel, terwyl **Mexikaanse** produksie styg op grond van sterk binnelandse vraag. Per kapita-verbruik vir albei lande sal na verwagting styg en 'n groter gedeelte van algehele vleisproduksie uitmaak. Pryskompeterendheid en verbeterde koopkrag sal binnelandse vraag 'n hupstoot gee. Hoër produksievlakke in Mexiko sal ook aangevuur word deur 'n toename in verbruik van verwerkte produkte, hoewel stygende graanpryse groei in die wiele mag ry omdat voer 'n groot gedeelte van koste uitmaak.*

"Regeringsintervensie beïnvloed die bedryf

*"Die voorspelling is dat **Rusland** se produksie steeds sal uitbrei, hoewel stadiger as in onlangse jare. Na verwagting sal stygende voerkoste druk op winste uitoefen, hoewel die regering se verbintenis tot steun vir langtermynproduksie-uitbreiding waarskynlik voortgesette wins sal*

verseker. Groot ondernemings oorheers die bedryf, en regeringsleningsubsidies sal steeds ten gunste van kleinprodusente wees.

*"Die voorspelling is dat produksie in **Argentinië** met 9 persent sal spring, met 'n skerp afname in beesvleisproduksie, wat 'n tekort aan dierproteïenvoorraad sal veroorsaak, en daar word verwag dat dit 'n styging in vraag na pluimvee sal meebring.*

"Stygende braaikuikenvleisverbruik sal dus 'n toenemende deel van die algehele vleisproduksie uitmaak. Aangesien braaikuikenvleis nie onderhewig is aan dieselfde produksie- en uitvoerregulasies wat die beessektor aan bande lê nie, kan produksie ook uitbrei tot voordeel van beleggers wat uitvoer-georiënteerde inkomste verlang.

***"EU**-produksie sal na verwagting effens hoër wees aangesien 'n verhoging in graanpryse groei aan bande lê. Stygende binnelandse asook buitelandse vraag sal marginale produksiewins steun. Die volle impak van die bedryf se kompeterendheid as gevolg van onlangs geïmplementeerde dierewelvaartregulasies, wat bevoorradingsdigtheid sal beperk, moet nog geassesseer word, maar die algemene verwagting is dat dit wins nadelig sal beïnvloed.*

"HANDEL:

"Na verwagting sal uitvoere met 3 persent styg na 'n rekord van byna 9 miljoen ton as gevolg van 'n afname in SFS-beperkings, asook ekonomiese groei en herstel. Uitbreiding word aangedryf deur vraag van feitlik alle groot en opkomende markte, en die Verenigde State en Brasilië as groot verskaffers sal albei hierby baat.

"Daar word voorspel dat meer as 70 persent van uitvoere die Verenigde State en Brasilië sal toeval. Die gekombineerde handelsaandeel van hierdie twee uitvoerders sal na verwagting effens minder as 5 jaar gelede wees."

"Verenigde State en Brasilië groei teen dieselfde pas (3 persent)

- ***VS-uitvoere** word voorspel teen 3.0 miljoen ton, wat die onlangse afwaartse neiging sal omkeer.*
- *Die sterkste groei word in verskeping na **RUSLAND** verwag, aangesien die Verenigde State na verwagting die toesegging van sy tariefkoerskwota, wat op 446,400 metrieke ton vasgestel is, sal vul. Nieteenstaande beduidende binnelandse produksie, sal invoere na verwagting styg wanneer SFS-kwessies opgelos is.*
- *Die Verenigde State sal ook baat by die voorspelde styging in invoere vanaf **Mexiko** as sy hoofverskaffer. Die voedselverwerkingsbedryf se vraag na grondstof styg namate verbruikerspatrone volwasse word as gevolg van stygende inkomste en verstedeliking.*

***"Brasilië** bly die voorste uitvoerder, met 'n verwagte groei van 3 persent, min of meer dieselfde as die afgelope drie jaar.*
- *Groei is hoofsaaklik as gevolg van sterk vraag deur die **Midde-Oosterse** markte namate stygende inkomste en ekonomiese uitbreiding invoere deur Saoedi-Arabië, die Verenigde Arabiese Emirate en Irak stimuleer.*
- *Verskeping na **China** sal waarskynlik groei, maar daar word nie verwag dat dit VS-produk wat deur teenstortings- en teenregheffings verplaas is, ten volle sal vervang nie.*
- *Klem op ontwikkelende markte sal uitbreiding aandryf.*



"EU-uitvoere stagneer terwyl Argentinië, China en Thailand groei

*"Die voorspelling is dat **EU**-uitvoere sal stagneer as gevolg van 'n gebrek aan kompeterendheid en relatief beperkte uitvoerbare voorraad.*

*"Kragtige **Argentynse** groei duur ongehinderd voort aangesien uitvoere nie deur regeringsbeperkings aan bande gelê word nie. 'n Toename in verskeping is meestal na Venezuela, waar 'n vleistekort voorkom.*

***"China** en **Thailand** sal na verwagting uitvoere uitbrei, veral na ander Asiatiese markte. Verskepings is hoofsaaklik beperk tot voorbereide / gepreserveerde produkte as gevolg van SFS-beperkings."*

BRON: USDA, United States Department of Agriculture, Foreign Agricultural Service
October 2010

PLAASLIKE HANDEL

Die oorsprong van invoere na Suid-Afrika verstewig hierdie prentjie met 73% van die ingevoerde pluimvee afkomstig van Brasilië. Brasilië bly 'n bedreiging vir wêreldpluimvee as gevolg van wisselkoersdinamiek, kompeterende voordele wat klimaat, voerkoste en kapasiteitsbesparing betref, asook regeringsteun.



Jaarlikse pluimveeinvoer na Suid-Afrika vir 2010 was 265 791 ton, 'n styging van 15% of 34 488 ton meer vergeleke met die algehele pluimveeinvoer vir 2009. Braaikuikenvleis het 90,4% van alle pluimveeinvoer uitgemaak, 'n styging van 1,4% vergeleke met 2009, terwyl die balans hoofsaaklik kalkoenprodukte is.



Die waarde van jaarlikse pluimveeinvoere (VAB) vir 2010 na Suid-Afrika het R1,766 miljard beloop, wat 'n styging van 13% of R200 miljoen meer is vergeleke met die waarde van gesamentlike pluimveeinvoere vir 2009.



PRODUKSIEKOSTE

Voerkoste was nog altyd, en ook in 2010 'n belangrike kwessie in die pluimveebedryf. Dramatiese styging in voerpryse in 2008 was die resultaat van 'n styging in die prys van mielies en soja, die hoofgrondstowwe van braaikuikenvoer. Geelmielie-, soja- en sonneblompryse het in 2009 en 2010 gedaal, maar nie na die vorige lae vlakke soos voor 2008 nie.



Produsente ding nou met etanolprodusente mee om die beskikbare mielies en dit, tesame met 'n lae voorraad-tot-gebruik-verhouding, het pryse opgejaag. Die mandaat vir hernubare brandstof en veldtog vir biobrandstof in die Verenigde State sal die volgende dekade 'n invloed op die wêreldpluimveebedryf hê. Na raming sal 36% van die VSA-mielieproduksie teen 2015 vir etanolproduksie geoormerk wees. Die VSA gebruik meer mielies vir etanol as wat die hele Afrika vir kos gebruik.



Winsmarges is steeds onder druk hoewel voerkoste effens afgeneem het vergeleke met die hoë stygings die vorige jaar. Die gemiddelde gerapporteerde braaikuikenvoerprys vir 2010 was R3 000.73 per ton, 'n daling van 10% vergeleke met die gemiddelde voerprys in 2009.

Daar heers groot kommer in die bedryf dat hierdie styging in insetkoste nie maklik verhaal sal word nie en dat realisering onder geweldige druk sal kom.

As die skommeling teenoor dieselfde maand van die vorige jaar in aanmerking geneem word, het braaikuikenvoerpryse sedert April 2006 gestyg. Daar was in 2009 ’n afwaartse neiging in die skommeling in braaikuikenvoerprys, wat vanaf April 2009 negatiewe groei getoon het en deur die loop van 2010 negatief gebly het. Daar was ook ’n afwaartse neiging in die verandering in braaikuikenprodusenteprys in 2009 met ’n negatiewe groeitendens vanaf Julie 2009 en deur die loop van 2010, en positiewe groei is eers in Desember 2010 aangeteken.



DIEREGESONDHEID- EN SIEKTE

Daar is die afgelope paar jaar sterk klem gelê op voorkomende maatreëls, siektewaarneming- en beheer om sodoende die voorkoms van dieresiektes te verminder en die impak van uitbrake te minimaliseer wanneer dit wel voorkom. Die verspreiding van voëlgriep (AI) elders in die wêreld bly ’n bron van groot kommer en Suid-Afrikaanse produsente bly op hoë gereedheidsvlak omdat die bedreiging van AI ook die potensiaal het om verbruikersvraag te laat afneem. Die roetinewaarnemingsprogram is nou meer as drie jaar in plek en dit is belangrik dat hoenders te alle tye negatief vir hoogs patogene aanmeldbare AI (HPAAI) gebly het.

Sporadiese uitbrake van newcastlesiekte het dwarsdeur die jaar voortgeduur. Verspreiding kan grootliks aan gebrekkige biosekuriteit toegeskryf word en is gekoppel aan die kommersiële eierlêbedryf, waar Newcastlesiekte baie meer katastrofies was. Die braaikuikenbedryf het onder siekteomstandighede grootliks veerkragtig geword.

VLEISVEILIGHEIDSKEMA

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) het voorgestel dat die gesag vir onafhanklike vleisinspeksie in terme van die Wet op Vleisveiligheid (Wet 40 van 2000) gedelegeer word na ’n liggaam wat deur die SAPV beheer word. ’n “Vleisveiligheidskema” soos in die Wet omskryf is van meer nut vir ons. Die DLBV stem in tot hierdie konsep.

Die Departement van Gesondheid is in beginsel geïnteresseerd in die delegering van gesag in terme van wet 54, wat vir hierdie werk vereis word.

Dit behels:

- Verhoog vleisveiligheidspraktyke

- Behartiging van opnames
- Behartiging van opleiding
- Ondersoek na voedseloordraagbare siektes
- Bevordering van goeie higiënepraktyke
- Vasstelling van oorsprong van vleis en diereprodukte
- Monitering van neerlegging in vleis- en diereprodukte
- Skepping van vleis- en higiëne- / higiëne-evalueringsdienste
- Skepping van protokolle vir standaard mikrobiologiese toetse
- ’n Algemene minimumstandaard vir alle nasionale produksie
- Alle ingevoerde produkte kan aan die skemastandaard getoets word (moontlik om versperring te skep)
- Alle verdere verwerking deur invoerders kan getoets word aan dieselfde standaard as dié vir die plaaslike bedryf
- Geleentheid vir meer proaktiewe verbruikersinskakeling
- Regverdige tariewe vir almal op ’n kosteverhalingsgrondslag.

WERKVERSKAFFING, VAARDIGHEIDSTEKORTE EN OPLEIDING

Die pluimveebedryf is nie net 'n primêre bron van proteïen nie, maar bly 'n belangrike bydraer tot werkverskaffing en werksgeleenthede. Sowat 10% van alle werkers in die landbousektor is in diens van die pluimveebedryf. As die oorheersing van die pluimveebedryf in Suid-Afrika in ag geneem word, het dit ook as hoofverbruiker die grootste invloed op die voerbedryf.

Die tekort aan vaardighede in die bedryf bly 'n bron van kommer. Die behoefte aan voldoende opleiding en 'n vaardigheidspoel bly hoog op alle produsente se agendas. Die SAPV is steeds toegewy daaraan om die bedryf by te staan deur opknappings- en ander kursusse. Die SAPV het in 2009 ’n werksvennootskap aangegaan met die KZNPI, ’n geakkrediteerde opleidingsdiensverskaffer om kortkursusse vir die bedryf aan te bied. Opleiding van die 300 leerders wat in 2009 geregistreer het, is einde April 2010 voltooi, en nog 190 leerders is in 2010 opgelei. Die eenheidstandaarde dek in hierdie stadium produksie en verwerking, en daar is ’n behoefte aan uitbreiding van die beskikbare kursusse om leerders in staat te stel om ’n volle leerlingskap te voltooi deur kortkursusse in die kerneenheidstandaarde by te woon. Dit sal leerders in staat stel om die nodige krediete te verwerf om vir die Nasionale Sertifikaat: Pluimveeproduksie of Pluimveeverwerking te kwalifiseer.

FINANSIËLE SAKE

Die SAPV se finansiële state reflekteer 'n gesonde geldelike posisie en die SAPV het vir die vierde agtereenvolgende jaar 'n ongekwalifiseerde ouditverslag ontvang.

UITDAGINGS

Die braaikuikenbedryf staar enorme en ingewikkelde uitdagings in die gesig wat insluit die stygende koste van verwarming en krag, omgewingskwessies, volhoubaarheid, en voëlgesondheid en pandemies. Die volgende uitdagings het in 2010 kritiek gebly en sal in die komende jaar die grootste uitdagings bly:

- Hoër insetkoste en die bestryding daarvan deur doeltreffendheid. Daar is blykbaar weinig verligting in sig wat hoë voerpryse betref, en produsente sal dit moet oorkom om winsgewend te bly.
- Die nimmereindigende stroom invoere na Suid-Afrika, hoofsaaklik uit Brasilië, wat groot kompeterende voordeel in terme van kapasiteitsbesparing geniet. As plaaslike vraag ingeperk word, sal invoer selfs 'n belangriker rol speel omdat dit voordeel trek uit 'n voordelige prysverskil.
- Die bedreiging wat AI wêreldwyd inhou – nie net die moontlikheid van ’n uitbraak nie, maar ook die uitwerking op verbruikersvraag na pluimvee.
- Die bedryf se vermoë om voedselveiligheidspraktyke vinnig genoeg aan te gryp om verbruikersvertroue in pluimveeprodukte te verseker.
- Die uitwerking van die tyd wat dit neem vir goedkeuring en die vereistes van die OIE’s het en sal steeds ’n uitwerking op uitbreiding en groei hê.
- Die bedreiging wat die moontlike verwydering van teenstortingsheffings inhou, is enorm en kan die bedryf op sy knieë dwing.
- Negatiewe mediakommentaar oor die praktyk m.b.t. soutoplossings hou ’n potensiële krisis vir die bedryf in.

ALGEMEEN

Ons bedank graag die onderskeie rolspelers wat die afgelope jaar die suksesvolle funksionering van die Braaikuikenorganisasie verseker het. My besondere dank aan die komiteelede vir hulle bydraes tot die organisasie. Aan alle SAPV-personeellede, my opregte dank vir julle toewyding en steun aan die Braaikuikenorganisasie. Aan al ons lede, sonder wie daar nie so 'n wonderlike bedryf sou wees om in te werk nie, gelukwensing met die bedryf se sukses die afgelope jaar.